

26 Mei

Die seën daarvan om medemense te hê

**Skrifgedeelte: Prediker 4:1-12**  
**Fokusgedeelte: Prediker 4:7-12**

Toe God sien dat Adam alleen is, het Hy gesê dat dit nie goed is nie. Toe maak Hy 'n ander mens, 'n vrou, om die lewe met Adam te deel. Verskriklik sou dit gewees het as Adam niemand gehad het met wie hy sy gedagtes kon deel, met wie hy kon praat, met wie hy saam kon werk en speel en die wonders van God se skepping kon geniet en benut nie!

Iets daarvan merk Prediker by die mens wat alleen swoeg om ryk te word, maar niemand het om dit mee te deel nie. Selfs al word hy ryk, vir wie laat hy dit na? Om so te lewe, is nie die moeite werd nie!

Ons oë moet oopgaan vir die wonder dat God 'n naaste langs ons neergesit het. Iemand met wie ons dinge saam kan aanpak. Dit maak die lewe die moeite werd. Dis erg as ek val en my heup breek en nie by die telefoon kan kom nie. Maar 'n maat kan my ophelp of hulp kry. Moet jy in die ope lug in die koue êrens oornag, is twee saam ook beter. Julle kan teen mekaar gaan lê en warm word. As jy alleen is, kan dit nie. Twee saam is nie so 'n maklike prooi vir 'n grypdief soos een nie. Kortom: ons kan die probleme van die lewe beter baas raak saam met ander.

Die hedendaagse individualisme bring ontsettende eensaamheid. Maar wie ontdek hoe God in Christus na ons uitreik, wil vir ander 'n naaste wees. In sy lewende gemeente gee Christus ons sy broeders en susters en kan ons saam mekaar met ons gawes dien. Sulke saamwees met ander in Christus is 'n driedubbele lyn wat nie maklik verbreek word nie.

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds. Nardus Droomer (Emeritus)*